STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

6 MEI 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENSTE

'n Nuwe waarde-ring vir God se skepping.

(Kol 1:15-20)

JEUGDIENS

Reinheid van hart

DEUROFFER

Arbeidsbediening

Die bediening fokus op die handel en nywerheid; transnetbediening; visserbediening en bediening aan die seelui (Biblia) en bereik jaarliks meer as 400 000 werkende mense.

EREDIENSTE

			6 Mei		13 Mei - Nagmaal	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	5	Ds. Breytenbach	3/4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Visagie	7	Ds. Kotze	6/9
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Klouterkerk	Brenda Visser	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Breytenbach	-	Geen diens	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Philipp Dietmann	12	Geen diens	-
19:00	Kerk	Pinkster	Geen diens	-	Ds. Visagie	-

SOPBYDRAES VIR PINKSTER

Dit is tradisie in Stellenberg dat ons saans na Pinksterdienste sop en brood bedien. Ons benodig dus weer vrywilligers wat bereid is om vir een aand vanaf 13 tot 17 Mei 'n 5-liter pot sop te kook. Jy gee die warm pot sop by die markplein af, voor die pinksterdiens, en neem jou pot dieselfde aand, na die sopbediening huis toe. Indien jy bereid is om te help, stuur 'n e-pos aan karin@stellenberg.co.za of skryf vanoggend jou naam op die soplys by die inligtingstoonbank.

HEMELVAARTDIENS 10 MEI

'n Hemelvaartdiens word op Donderdag 10 Mei om 19:00 in die kerk aangebied. Prediker: ds. Peter Kotze.

Neem asb. kennis dat die kerkkantoor op Hemelvaartdag (10 Mei) gesluit is.

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS ontmoet om 17:00.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae aande 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- TIENERPINKSTER: 13 tot 17 Mei om 18:30 in die markplein. Ons gaan vooraf saamkuier, iets drink en *pool* speel. Vanaf 19:00 gaan ons saam lofprysing doen en die tema "overflow / loop oor" bespreek. Kom luister wat die Heilige Gees vir jou kan doen.
- KINDERPINKSTER: 13 tot 17 Mei om 19:00 in die kleinsaal.
- KLEUTERPINKSTER: 13 TOT 17 Mei om 19:00 in kleuterlokaal.
- VUUR-EN-VLAM-KONFERENSIE: 26 Mei
- BELYDENISAFLEGGING : 27 Mei - aansoekvorms jeugkantoor.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Ons wil baie graag 3000 kombersies vir die jeuguitreike tydens die Julie skoolvakansie insamel. Help ons asseblief om dié droom te verwesenlik deur 'n boekmerk ter waarde van R20 / R50 / R100 te koop. Jy kan die boekmerke deur die week by die jeugkantoor aankoop of gebruik die SnapScan kode op die Borg-'n-Bersie plakkate om jou bydrae te maak.

VATVYF

Ons gaan 'n oggend saam met die geliefde Min Shaw by D' Aria geniet. Dinsdag 22 Mei vanaf 10:00 tot 14:00. Kaartjies @ R75 per persoon sluit die vertoning, drinkgoed en verversings in. Besprekings by Karin (021 976 4519) voor 11 Mei. Dié byeenkoms vervang die geskeduleerde byeenkoms van 23 Mei.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal
Graad 2 & 3: Grootsaal
Graad 4: Bo-vertrek
Graad 5 - 6: Kerk
Graad 7: Jeuglokaal
Graad 8: Kerk
Graad 9: Grootsaal
Graad 10: Jeuglokaal

VAKATURE EDELWEISS

Edelweiss ACVV Dienstak benodig die dienste van 'n Vloermatrone (huishoudelik / wassery / skoonmaak). Die geskikte kandidaat moet verkieslik nie ouer as 55 wees nie met goeie gesondheid en sy moet middel Mei beskikbaar wees vir opleiding. CV's kan aan stella@acvv.org.za gerig word.

BREIGROEP

Die breigroep ontmoet weer op 7 Mei om 09:30 in die Markplein. Bring jou brei– en hekelwerk saam.

DOOP VANDAG

- Hugo en Anje Coetzee, Arabsingel 9, Langeberghoogte, laat doop vir Emma Coetzee.
- Johan en Yolandie Kotze, Meerlust 12, laat doop vir Emily Elizabeth Kotze.
- Roelie en Katinka van Huyssteen, Raphaelsingel 34, laat doop vir Hendrik Roelof van Huyssteen.

SKOENE EN KLERE VIR PINKSTER

Bring asb. volgende Sondag veral na die Pinksterdiens **gebruikte, maar nog bruikbare skoene** saam kerk toe. Kinderskoene, tekkies en skoolskoene is welkom. Dit sal simbolies aansluit by die eerste Pinkstertema waar Moses sy skoene voor die brandende Braambos uitgetrek het. Bruikbare wintersklere vir volwasses en kinders is ook baie nodig vir die komende winteruitreike.

PANNEKOEK VERKOPING 20 MEI

Ter viering van die Pinksterfees verkoop die Seniorbediening op Sondag 20 Mei na die oggenddienste pannekoek. Kaneelsuiker- en gevulde pannekoeke sal verkoop word. 1500 pannekoeke sal gebak word.

SPREEKKAMER TE HUUR

Die Stellenberg Ondersteuningsentrum het spreekkamer ruimte te huur vir 'n Kliniese Sielkundige wat spesialiseer in spelterapie en evaluering van kinders. Kontak Rudolph van Schoor 082 854 4530.

REIS MET DEPRESSIE

Die impak van depressie word dikwels onderskat wat onsensitiewe hantering daarvan versoorsaak. Dr. André de la Porte bied 'n twee-en-'n-half-dag-kursus rondom die hantering van depressie asook die ondersteu-ning van 'n familielid met depressie, aan. Koste: R600. 10-12 Mei by die HospiVisie seminaarlokaal, Tygerberg hospitaal. Registrasie by Annette de la Porte

083 794 3537 / annette@hospivision.org.za

EDELWEISS BYBELSTUDIE

3 Mei om 15:00 en 15:45 Aksiefoto's uit Handelinge nommer 4 in Handelinge 6 - Ernstig oor omgee . . . en eie belange!

EDELWEISS NAGMAAL

om **17:30** uit Johannes 15: 1–17 Uit Jesus, deur Jesus en soos Jesus

BLESS A BLIND

Night without light

Sondag 20 Mei 18:00

Kom beleef die wêreld van 'n blinde tydens 'n aand van sang, musiek en drama aangebied deur talentvolle blinde kunstenaars.

Kaartjies @ R50 beskikbaar by Bellville Uitsig-gemeente.

4 X PINKSTERREEKSE

- **Aandpinkster 13 tot 17 Mei om 19:00** (voorsang vanaf 18:50). Jy word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse Pinkster-geleenthede. Pinkster is tradisioneel oor baie jare 'n tyd met hernude toewyding. Gee die Here geleentheid om op 'n baie spesiale manier met jou te praat in dié tyd. Kom beleef sang, getuienisse asook geestelike verdieping rondom die tema: **Kan ons God ooit ken?** Ons doen dit saam met ds. Callie Visagie na aanleiding van die sg. "Ek is" uitsprake in die Bybel.
  - ◊ Sondag 13 Mei: Begin by die begin
  - ◊ Maandag 14 Mei: Versadig en verkwik
  - ◊ Dinsdag 15 Mei: Met jou gesig na die Lig
  - ◊ Woensdag 16 Mei: Ken, volg en lei
  - ◊ Donderdag 17 Mei: Vrug in die wingerd?

Kom kuier na afloop van elke aand se diens saam in die Markplein rondom 'n koppie sop en beleef ook die seën van saamwees.

- **Kinderpinkster 13 tot 17 Mei** 19:00 in die kleinsaal.
- **Kleuterpinkster 13 tot 17 Mei** 19:00 in die kleuterkerklokaal.
- **Tienerpinkster 13 tot 17 Mei** 18:30 in die markplein.
- **Oggendpinkster 14 tot 18 Mei** 10:00 in die kerk. Aangebied deur Mike van Deventer.
  - ◊ Die voorreg van Christen-wees (Rom 5:1-11)
  - ◊ Lewe uit die oorvloed van God's genade (Rom 5: 12-19)
  - ◊ Dood vir die sonde en lewend vir God (Romeine 6:1-23)
  - ◊ Vry van die wet (Romeine 7: 1 - 8:4)

SINKING VAN BOORGAT

Die eiendomskommissie het besluit om 'n boorgat op die kerk-terrein te laat sink. Die proses is effens vertraag en sal eersdaags begin.

VROUEKAMP

18 tot 20 Mei

Tema: Vind jouself in God se Storie

Plek: Die Eiland, Stellenbosch

Koste: R490 per persoon.

Bespreek jou plek deur die betaling te maak na ABSA, Vroue na God se hart, 926 140 4159. Gebruik jou naam en van as verwysing en stuur die bewys van betaling na

diexiesdatjies@gmail.com

Rig navrae aan Rita Robertson 084 640 4183.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za